SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 31 JULIE 2005.

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

In die nuus vandag:

OPROEP OM HERHALERINLIGTING OP DIE SARL SE WEBTUISTE OP TE DATEER

STREEKSRAADGEWERS BENODIG VIR HERHALERS EN BANDBEPLANNING

SARL-IARUFONDS NOU BOKANT R21 000

VOLLEDIGE PROGRAM VIR DIE RTA OPE DAG NOU BESKIKBAAR

'N NUWE 24 GHz REKORD

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675 2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradioaangeleenthede.

Sarlnuus maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Die enigste manier om te verseker dat u berigte Sarlnuus bereik is om dit in die korrekte plek op die webwerf van die SARL nl. www.sarl.org.za/newsinbox.asp te plaas nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels.

Die nuus volg in besonderhede.

OPROEP OM HERHALERINLIGTING OP DIE SARL SE WEBTUISTE OP TE DATEER

Die databasis van herhalers op die SARL se webtuiste bevat nou inligting aangaande 130 herhalers, bakens, BBSse ens. regoor die land.

Herhalereienaars en -bestuurders wat nognie so gemaak het nie, word versoek om hulle inligting in die databasis by te voeg. Indien u onlangs enige veranderings aan enige van u herhalers aangebring het, dateer asb. die inligting in die databasis op. Indien u nie toegang tot die internet het nie, pos asb. u inligting aan die SARL by Posbus 1 721, Strubensvallei, 1 735.

STREEKSRAADGEWERS BENODIG VIR HERHALERS EN BANDBEPLANNING

SARL-lede word uitgenooi om te help met die bestuur en verbetering van die netwerk van herhalers , bakens, BBSse ens. in Suid-Afrika. Vrywilligers word dringend benodig om as skakels op te tree tussen die SARL se Raad en radioamateurs in elke afdeling.

Streeksraadgewers sal deelneem aan gereelde telekonferensies ten einde lokale aktiwiteite te ko-ordineer en insette te lewer aangaande sake wat aandag deur die Raad vereis, en om direkte insette van die Raad te verkry vir lokale verspreiding. Meer as een raadgewer mag in groter afdelings aangestel word.

Indien u aktief is in lokale herhaleradministrasie of -beplanning, en graag 'n bydrae wil lewer, registreer asb. as 'n streeksraadgewer op die SARL se webtuiste, of kontak Peter Hers by 083 445 4634 of stuur e-pos aan zs6phd@mweb.co.za.

SARL-IARUFONDS NOU BOKANT R21 000

Gedurende die afgelope aantal weke het bydraes van R2 440 die SARL-IARUfonds tot op R 21 101 gelig. Die 2005 IARU-ledegeld is betaal. Met die gunstige wisselkoers was die ledegeld R10 488 en R10 650 bly dus oor vir die afgevaardigdes se reiskoste. Groot dank aan almal wat bygedra het. U ondersteuning word hoog op prys gestel. 'n Opgedateerde lys van bydraers is beskikbaar by www.amateuradio.org.za.

Die SARL-Raad het besluit om drie afgevaardigdes na dié belangrike IARU Streek 1 konferensie te stuur. Hulle is Graham Hartlett, ZS6GJH, Dennis Green, ZS4BS, en John Fielding, ZS5JF. Alhoewel John tans nie 'n raadslid is nie, sal hy die Raad bystaan deur die konferensie by te woon ten einde drie SARL-voordragte aangaande belangrike BHF-aangeleenthede aan te bied en om komitee C5 se vergaderings by te woon wat gaan oor BHF-, UHF- en mikrogolgkommunikasie. Die voordragte is beskikbaar by www.sarl.org.za. John sal op 'n familiebesoek in Europa wees wat beteken dat die SARL slegs sy lokale uitgawes by die IARU-konferensie sal moet dra.

Dennis sal meeste van sy tyd aan HF-aangeleenthede wy (Komitee C4) en ook subkomiteevergaderings bywoon terwyl Graham Hartlett die afvaardiging sal lei en die vergaderings van die finansiële komitee sowel as dié van C3 sal bywoon. Graham sal ook die spreker tydens die volle vergaderings wees.

Die agenda en voorleggings is beskikbaar by www.iaru-rl.org. Die volledige lêer beslaan 24 MG. Die drie afgevaardigdes sal 'n besige tyd beleef met vergaderings wat tot laat elke aand geskeduleer is. Raadslede bestudeer tans die dokumente en sal die aandag vestig op belangrike items in SARLnuus, die web en gedurende die volgende twee Presidentsnette.

VOLLEDIGE PROGRAM VIR DIE RTA OPE DAG NOU BESKIKBAAR

Die volledige program vir die ope dag oor die aktiwiteite met Radiotegnologie-In-Aksie is nou op die web beskikbaar. Weens populêre versoek sal die vlooimark om 08:00 open vir opstelling. Verkope sal om 09:00 begin. Tafels is beskikbaar

teen R20 elk en moet by Vee bespreek word deur haar te skakel by 011 675 2393 of e-pos te stuur aan admin@sarl.org.za.

Die toegangsfooi vir die RTA ope dag is R20 vir volwassenes en sluit deelname aan die bywoningstrekking in. Dit sal tydens die finale, volle byeenkoms plaasvind. Skoliere en studente geniet vrye toegang maar kwalifiseer nie vir die bywoningstrekking nie. Die Sentechrestaurant sal dwarsdeur die dag oop wees vir verversings en middagete.

Die lesingsprogram begin om 10:00. 'n Spesiale demonstrasieklas sal vir jongmense aangebied word waarin hulle self kan deelneem aan die bou van 'n draadlose FM-mikrofoon. Die koste van die boustel is R30. Aangesien slegs 'n beperkte aantal jongmense geakkommodeer kan word, is bespreking vooraf essensieël; bel Vee by 011 675 2393. 'n Ander interessante aanbieding 'Inleiding tot Amateursatelliete' sal deur Dave Long, ZS5FR, gedoen word. Bywoning is 'n moet indien jy betrokke wil raak met amateursatelliete.

Teken die 20ste Augustus aan om die amateurgebeurtenis van die jaar by te woon.

24 GHz REKORD TOT 56 km VERBETER

Op Donderdag 28 Junie om 12:40 SAT het Ivo Chladek, ZS6AXT, en Jon Sygo, ZS6JON/P, 'n nuwe rekord oor 'n afstand van 56,2 km op 24 GHz opgestel wat hul vorige rekord met 'n aantal km verbeter het. Die rekordkontak was deur ZS6LES en ZS6OB geverifieër. Seine was 52 op ESB. Om 12:10 was seine vanaf 'n effens hoër posisie, oor 'n afstand van 52 km, 59 + 20 dB op ESB.

Toetse oor 150 km vroeër die oggend was onsuksesvol weens die hoë humiditeit aangesien 24 GHz-voortplanting sterk deur waterdamp verswak word. Dieselfde toerusting as voorheen is weer gebruik, dit lewer 2,5 W in 30 cm skottels.

Ivo en Jon sal nou hul toerusting opgradeer deur die byvoeging van hoogs stabiele temperatuurgekompenseerde kristalossilators aan beide omsetters ten einde die volging van seine weens frekwensieskuiwing van die kristalossilators in die fasesluitlus agv. temperatuurveranderings, uit te skakel.

Veels geluk aan beide eksperimenteerders. Wel gedaan!

BARK 40 m KOMPETISIE - TERUGVOERING

Baie dankie aan al die stasies wat deelgeneem het aan die BARK 40 m kompetisie verlede Sondag. Logstate kan nog ingestuur word tot en met Maandag 8 Augustus. Verskeie logstate van regoor Suid-Afrika is reeds ontvang. Logstate kan elektronies gestuur word aan zs1bak@mailbox.co.za of per slakkepos aan BARK, Posbus 2105, DENNESIG, 7601. Die voorlopige uitslag sal dan bekend gemaak word.

WEBWERF VIR DIE MIDLANDS AMATEURRADIOKLUB

Die Midlands Amateurradioklub in Kwa-Zulu Natal maak met genoeë die geboorte van hul eie webwerf bekend. Die klub vra dat u die webwerf sal besoek

en u kommentaar daar sal laat. Die adres is www.pmbcomp.co.za/marc.

DIE BLINDE NAVIGATORS SE PRETRIT

Hierdie gebeurtenis sal hierdie jaar weer soos voorheen in en om die George- / Mosselbaaigebied plaasvind op Sondag die 7de Augustus 2005. Net soos die vorige jaar is die lokale radioamateurs gevra om weereens kommunikasie te lewer, en is hulle tans besig met die reëlings.

Agtergrond. Dié pretwedren is beslis n baie "vriendelike" georiënteerde gebeurtenis wat tot voordeel van die blinde navigator plaasvind, en omdat dit 'n kompetisie is sal almal graag wil wen.

Om te verseker dat almal genot daaruit gaan put en die rit sal geniet, word redelike streng reëls voorgeskryf. Hier volg 'n paar van die vernaamstes ter inligting:

(1) Deelnemers moet alle verkeersreëls streng nakom, en versigtig bestuur. Alle deelnemers sal n vrywaringsvorm onderteken.
(2) By die beginkontrolepunt sal die blinde persone (navigators) elk 'n roetekaart in BRAILLE ontvang, en die bestuurders 'n gewone GEDRUKTE roetekaart, met die vereiste tye, rigtingwysers en spoed aangedui. Bestuurders mag uit die aard van die saak niks van die roeteplan neerskryf nie. Die basiese idee is om inligting van die blinde persoon langs jou te ontvang en dan daarvolgens te handel. Bestuurders wat hierdie reël oortree sal summier gediskwalifiseer word.
(3) Die pretrit word volgens RITTYD bepaal, wat beteken dat elke kar wat vertrek onderhewig is aan sy begintyd wat dan op zero uur, zero minute en zero sekondes by vertrek sal staan, met 'n gaping van twee minute tussen elke voertuig.
(4) Normale prosedures sal gevolg word by alle kontrolepunte mbt. die aanteken van tyd van aankoms, voertuigvolgnommer ens.
(5) Dan is daar 'n paar algemene reëls mbt. strafpunte, verlore raak, die inrapporteer by enige kontrolepunt indien jy in die moeilikheid is, en geen gebruik van selfone of ander kommunikasiemiddele nie. Daar word van die bestuurder verwag om die blinde op hoogte te hou van alle gebeure en dinge om hom. Laat hy of sy op hulle gemak voel, wys waar die handvatsel en vensteroopwenmeganismis is, en waarsku indien jy om n skerp draai gaan, of as daar n slegte pad voorlê. Onthou jy is die blinde se oë op hierdie rit.
(6) Dit is dan net kortliks waaroor dit alles gaan, en as ons so kyk na die syfers van laasjaar se opkoms, in vergelyking met hierdie jaar, wil dit voorkom asof ons in is vir n groot gebeurtenis, waaroor ons na die 7de Aug. sal terugrapporteer.
(7) Erkenning moet gegee word aan die hoofborg - EDEN MOTORSPORTKLUB van George wat n lid is van die Suid-Afrikaanse Motorsportassosiasie tw. MSA asook die lokale borge van George wat hulle harte oopgemaak het met baie bydraes na wie ons later sal verwys.

(8) Dank gaan aan die hooforganiseerder Mnr. Les Johnson en familie vir die vertroue wat hy in ons as radioamateurs gestel het om die gebeurtenis se kommunikasie te hanteer. Ook wil die twee klubs tw. Garden Route Radio Club en Die Suid-Kaap Amateurradioklub hom bedank vir die diens wat ons kan lewer ten bate van die blindes van Suid Afrika en is dit vir ons n groot voorreg om hieraan te kan deelneem.

'PEOPLE'S REPUBLIC OF CHINA' DEUR IRLP OP DIE LUG

'n Nuwe avontuur van die stokperdjie is in China aan die gang.

Michael, W7RAT, wat vir 'n lang tyd probeer het om IRLP in China aan die gang te kry, het dit nou reggekry. Die roepsein is BY/W7RAT, nodus 3374. IRLP-operateurs word aangemoedig om hierdie nodus op te roep. Meer inligting sal later verskaf word.

Veels geluk aan Michael na al sy pogings om IRLP in China aan die gang te kry.

VOORTPLANTINGDTOESTANDE

Wat volg is 'n opsomming van wat weereens uit die nuusbrief van die ARRL verkry is. Dit sê dat ons aan die einde kom van 'n maand van groot kontraste in terme van sonaktiwiteit. Rondom 4 Julie was daar 'n groot styging in sonvlekgetalle wat deur 'n stil periode gevolg is waarin geen sonvlekke gesien is nie. Ons is veral geïnteresseerd in sonvlekke wat naby die son se ewenaar voorkom aangesien hulle in die mees 'geoeffektiewe' of aard-effekterende posisie is in vergelyking met ander by hoër breedtegrade.

Wees bedag op sonvlek- en sonvloedsyfers wat oor die volgende aantal dae kan styg, met 'n maksimum tussen 1 en 6 Augustus soos die vorige maand se aktiewe gebied van die son sigbaar raak. Geomagnetiese indekse behoort te sak en laag te bly.

Die algemene tendens van die siklus is steeds afwaarts oor die lang termyn alhoewel wisselings, soos dié rondom 4 Julie, nou en dan mag voorkom. Dit word voorspel dat sonvlekke eers weer rondom Desember 2007 tot die huidige vlak sal styg. Wees dus maar geduldig maar wees altyd bedag op verassings wat mag voorkom.

DAGBOEK VAN GEBEURE

1 Augustus - Sluitingsdatum vir nominasies vir toekennings vir Siemens Radioamateur-van-die-Jaar; 7 Augustus - SARL HF-foonkompetisie; 7 Augustus - Presidentsnet en Integnet; 8 Augustus - Laaste dag vir nominasies vir die amateurradiogemeenskapsdienstoekenning; 20 Augustus - RTA Ope dag by die NARS; 13 September - Megavlooimark gereël deur die Pretoria ARK, verdere inligting in volgende bulletins.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George,

ZS6NE, en gelees is deur vanuit as ‘n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending sluit nou en SARLnuus wens u ‘n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX